NG GEMEENTE UNIVERSITASRIF (BLOEMFONTEIN)

VAKATURE: *3 Jaar kontrakpos vir leraar met voltydse bediening*

GEMEENTEPROFIEL:

- Universitasrif is 'n voorstedelike gemeente met ongeveer 450 belydende- en 78 dooplidmate (waarvan baie uit die gemeente getrek het, terwyl hulle lidmaatskap steeds hier is). Die gemeente bestaan uit lidmate van alle ouderdomsgroepe.
- Die gemeente funksioneer goed in omgeegroepe waarby ongeveer 80% van die aktiewe lidmate betrokke is.
- Gemeentevisie: "Lig in die Duisternis"

LERAARSPROFIEL:

- Hierdie pos is vir 'n gelegitimeerde van die NG Kerk en wat die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, sal nakom.
- Die gemeente het 'n behoefte aan 'n dinamiese, Geesvervulde leraar wat entoesiasties is oor sy/haar beroep, wat 'n passie het vir die verkondiging van die Woord en wat omgee vir mense.
- Huis- en siekebesoek word van die leraar verwag.

VERGOEDING:

- Die totale koste van indiensneming (TKVI) is R455 000 per jaar, waaruit ook verblyf, pensioen en reiskoste gedek moet word.

Met aanname van die beroep, sal beroepene saam met die voorsitter van die taakgroep Finansies en die voorsitter van die taakgroep Gemeentebediening, sy/haar pakket saamstel.

AANSOEKE: Belangstellendes moet 'n volledige CV (nie langer as vier bladsye), elektronies stuur, met die name en telefoonnommers van minstens twee referente wat ook gekontak kan word.

Die sluitingsdatum is Dinsdag 30 April 2019.

Stuur aansoeke aan ngkerkuniversitasrif@telkomsa.net

Vir navrae skakel: Anton van Wyk (083 410 4350), of Chris Els (083 457 5775)

BEROEPINGSPROSES: 'n Gestruktureerde keuringsproses sal deur die Pre-Advieskommissie gevolg word. Die finale vyf kandidate sal vir 'n preekbeurt en onderhoud genooi word, voordat die Pre-Advieskommissie drie name aan die Kerkraad vir die beroeping van een kandidaat sal voorlê.

Die datum van diensaanvaarding is soos ter ooreenkoms met die beroepene.

Die Kerkraad behou hom die reg voor om geen beroep uit die aansoeke uit te bring, of 'n aanstelling te maak nie.